**MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**
**BEAUFORT-WES(T)**

**Kennisgewing / Notice No. 142/2025**

**VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 249 MURRAYSBURG AAN HUIS SPITSKOP NPC // PROPOSED DISPOSAL OF A PORTION OF THE REMAINDER OF ERF 249 MURRAYSBURG TO HUIS SPITSKOP NPC**

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikels 21 en 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32/2000) en Artikel 4(3)(a) van die Verordening insake die Bestuur en Administrasie van die Munisipaliteit se Onroerende Eiendom dat die Plaaslike Raad van voorneme is om 'n gedeelte van die restant van erf 249 Murraysburg, groot ongeveer 4495m², geleë tussen Beaufort- en Leebstraat welke gedeelte grond reeds vir meer as 30 jaar as deel van die eiendom van Huis Spitskop NPC gebruik word, uit die hand uit aan voormelde Huis Spitskop NPC te verkoop vir 'n bedrag van R100.00 BTW ingesluit, onderhewig aan die suksesvolle hersonering, onderverdeling en konsolidasie met die koper se aangrensende eiendom.

Verdere besonderhede met betrekking tot die voorgestelde transaksie lê ter insae by die Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes vanaf Maandae tot Vrydae vanaf 07:30 tot 13:00 en 13:45 tot 16:15.

Besware en of kommentaar teen die voorgestelde vervreemding en of alternatiewe aanbiedinge moet skriftelik en met vermelding van volledige redes vir sodanige besware by die ondergetekende ingedien word voor of op **Maandag, 27 Oktober 2025**.

Ingevolge Artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) word kennis gegee dat persone wat nie kan skryf nie enige munisipale personeellid by enige ontvangskantore van die Raad te Beaufort-Wes, Nelspoort, Merweville en Murraysburg kan nader vir hulpverlening om u kommentaar op skrif te stel.

Notice is hereby given in terms of Sections 21 and 21A of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32/2000) and Section 4(3)(a) of the By-Law regarding the Management and Administration of the Municipality's Immovable Property that the Local Council intends to sell a portion of the remainder of erf 249 Murraysburg, measuring approximately 4495m², situated between Beaufort- and Leeb Streets, which portion of land has been used as part of the property of Huis Spitskop NPC for more than 30 years, out of hand to the aforementioned Huis Spitskop NPC for an amount of R100.00 VAT included, subject to the successful rezoning, subdivision and consolidation with the purchaser's adjacent property.

Full particulars relating to the proposed transaction are available for inspection at the Office of the Director: Corporate Services, 112 Donkin Street, Beaufort West from Mondays to Fridays from 07:30 to 13:00 and 13:45 to 16:15.

Objections and or comments to the proposed lease and or alternative offers must be submitted in writing and stating full reasons for such objections to the undersigned on or before **Monday, 27 October 2025**.

In terms of Section 21(4) on the Local Government: Municipal Systems Act 2000 notice is hereby given that people that cannot write can request any municipal official at any reception office of the Council at Beaufort West, Nelspoort, Merweville and Murraysburg to assist him or her in compiling his or her comment in writing.

Munisipale Kantore
Municipal Offices
Donkinstraat 112 Donkin Street
**Beaufort-Wes(t)**
6970

**A.C. Makendlana**
**Wnde Munisipale Bestuurder**
**Acting Municipal Manager**

**Verw. / Ref. No.** 7/3/4/1/1/1

**Datum / Date**: 26 September 2025